basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 40 punte; 25 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Debiteureversoening en BTW | **Finansiële rekeningkunde**<br>Debiteureversoening<br>BTW-berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Interne beheer en etiek |

| **VRAAG 2: 35 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Voorraadwaardasie en Interne Beheer | **Bestuur van hulpbronne**<br>EIEU en geweegdegemiddelde-waardasie-metodes<br>Interne beheer |

| **VRAAG 3: 45 punte; 25 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vervaardiging | **Bestuursrekeningkunde**<br>Produksiekostestaat<br>Gelykbreekontleding<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Interne beheer |

| **VRAAG 4: 65 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Balansstaat en Ouditverslag | **Finansiële rekeningkunde**<br>Begrippe<br>Balansstaat en notas<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Ouditproses |

| **VRAAG 5: 70 punte; 45 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vaste Bates, Kontantvloei en Vertolking | **Finansiële rekeningkunde**<br>Kontantvloeistaat<br>Vertolking van finansiële inligting<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Vaste bates |

| **VRAAG 6: 45 punte; 25 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Geprojekteerde Inkomstestaat | **Bestuursrekeningkunde**<br>Berekeninge<br>Vertolking van begrotingsinligting<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Interne beheerprosesse |

**VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING EN BTW (40 punte; 25 minute)**

1.1 **DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE**

Die inligting hieronder het betrekking op Witbank Hardeware.

**GEVRA:**

1.1.1 Verduidelik waarom die debiteure-ouderdomsanalise as 'n doeltreffende interne beheermaatreël beskou word. Noem EEN punt. (2)

1.1.2 Verduidelik TWEE verskillende probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van 'n debiteur en syfer(s). (6)

**INLIGTING:**

**A.** Debiteure word 30 dae gegun om hulle rekeninge te vereffen.

**B. Debiteure-ouderdomsanalise op 31 Oktober 2017:**

| DEBITEURE | KREDIET-LIMIET | BEDRAG VERSKULDIG | HUIDIGE MAAND | 30 DAE | 60 DAE | 90 DAE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Z Zulu | 6 000 | 5 000 | 2 100 | 2 900 | | |
| P Botha | 3 500 | 4 200 | 3 800 | 400 | | |
| M Valley | 7 000 | 1 450 | 500 | | | 950 |
| S Walker | 13 000 | 12 500 | 1 000 | 3 000 | 4 500 | 4 000 |
| O Klein | 3 000 | 3 000 | 1 900 | | 1 100 | |
| | | 26 150 | 9 300 | 6 300 | 5 600 | 4 950 |
| | | 100% | 36% | 24% | 21% | 19% |

1.2 **DEBITEUREVERSOENING**

Inligting uit die rekords van Amber Handelaars vir November 2017 word voorgehou. Enkele foute en weglatings is opgemerk. Sien inligting B.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte Debiteurekontrolesaldo op 30 November 2017. Toon syfers en dui '+', '–' of 'Geen verandering nie' by ELKE aansuiwering aan. (7)

1.2.2 Bereken die korrekte totaal van die debiteurelys op 30 November 2017. (10)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's op 30 November 2017 voor foute en weglatings:**

(i) Debiteurekontrole, R25 700

(ii) Debiteurelys:

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| L Nkosi | R5 700 | |
| S Muller | R11 100 | |
| M Welthagen | | R1 900 |
| B Sandleni | R15 900 | |
| | R32 700 | R1 900 |

**B. Foute en weglatings:**

(i) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R2 700 te min bereken.

(ii) Rente van R350 moet op die agterstallige rekening van S Muller gehef word.

(iii) 'n Bedrag van R3 100, ontvang van L Nkosi, is foutief as R1 300 in die Kontantontvangstejoernaal geboekstaaf en as sulks na die Algemene Grootboek en die Debiteuregrootboek oorgeboek.

(iv) Handelsvoorraad deur B Sandleni teruggestuur, is na die verkeerde kant van sy Debiteuregrootboekrekening oorgeboek, R1 200.

(v) Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietverkoopfaktuur wat aan M Welthagen uitgereik is nie, R1 500.

1.3 **BTW**

Die inligting het betrekking op Aqua Winkels vir die BTW-tydperk geëindig 31 Julie 2017. Nomvula Sithole is die eienaar van die onderneming. Alle goedere verkoop, is onderhewig aan 14% BTW.

**GEVRA:**

1.3.1 Bereken die BTW-bedrag wat op 31 Julie 2017 óf ontvangbaar van is óf aan SAID betaalbaar is. (11)

1.3.2 Nomvula het goedere met 'n merkprys van R35 000 by Beta Verskaffers bestel.

Die verkoopsdirekteur van Beta Verskaffers, Jim Frow, het aangebied om hierdie goedere vir R15 000 aan Nomvula te verkoop, op voorwaarde dat hulle nie 'n faktuur hoef uit te reik nie.

Lewer kommentaar op die aanbod wat Jim gemaak het. Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag op 1 Julie 2017 deur SAID verskuldig, R27 200.

**B.** **Bedrae uit die Joernale op 31 Julie 2017:**

| BESONDERHEDE | BTW UITGESLUIT | BTW-BEDRAG | BTW INGESLUIT |
|---|---|---|---|
| Totale verkope | R495 000 | R69 300 | R564 300 |
| Aankope van voorraad | 159 000 | 22 260 | 181 260 |
| Voorraad deur debiteure teruggestuur | 15 000 | **?** | 17 100 |
| Oninbare skulde | **?** | **?** | 34 200 |

**C.** Die volgende transaksies is nie in berekening gebring nie:

- Voorraad deur eienaar geneem, kosprys R9 000 (BTW uitgesluit).
- BTW op korting wat van verskaffers ontvang is. Totale korting ontvang, beloop R33 630.

**40**

## VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER

**(35 punte; 20 minute)**

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Goedere aangekoop word in die deurlopende voorraadstelsel as 'n (bate/uitgawe) vir die onderneming geboekstaaf. (1)

2.1.2 Die (spesifieke-identifikasie/geweegdegemiddelde)-voorraadwaardasie-metode is die geskikste vir unieke produkte met hoë waarde. (1)

2.1.3 Koste van verkope word gewoonlik aan die einde van die finansiële jaar in die (periodieke/deurlopende) voorraadstelsel bereken. (1)

2.2 **MONGI HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mongi Handelaars. Die onderneming verkoop een soort plastiektafel. Hulle finansiële jaar eindig op 31 Desember. Die onderneming gebruik die EIEU-metode om hulle voorraad te waardeer. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 31 Desember 2017 volgens die EIEU-metode. (6)

2.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:

- Koste van verkope
- Bruto wins (8)

2.2.3 Die eienaar oorweeg dit om die voorraadwaardasiemetode na die geweegdegemiddelde-metode te verander.

- Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Desember 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (6)
- Wat sal die effek op die bruto wins wees indien die eienaar na hierdie waardasiemetode verander? Verskaf syfers. (3)

**INLIGTING:**

**A. Voorraad:**

| DATUM | GETAL EENHEDE | PER EENHEID | TOTALE WAARDE |
|---|---|---|---|
| 1 Januarie 2017 | 540 | R350 | R189 000 |
| 31 Desember 2017 | 440 | **?** | **?** |

**B. Aankope en terugsendings in 2017:**

| Aankope: | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **GETAL EEN-HEDE** | **PER EENHEID** | **TOTALE AANKOPE** | **VRAGGELD PER EENHEID** | **TOTALE VRAG-GELD** | **TOTALE AANKOOP-KOSTE** |
| 31 Mrt. | 550 | R370 | R203 500 | | R13 750 | R217 250 |
| 30 Jun. | 900 | R380 | R342 000 | | R22 850 | R364 850 |
| 30 Sep. | 500 | R350 | R175 000 | R25 | R12 500 | R187 500 |
| 30 Nov. | 300 | R400 | R120 000 | R30 | R9 000 | R129 000 |
| **Totale** | **2 250** | | **R840 500** | | **R58 100** | **R898 600** |

| Terugsendings: | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **GETAL EEN-HEDE** | **PER EENHEID** | **TOTALE TERUGSENDINGS** | **VRAGGELD PER EENHEID** | **TOTALE VRAGGELD** |
| 5 Jul. | 50 | R380 | R19 000 | 0 | 0 |
| Hierdie terugsendings is van die aankope van Junie 2017. Daar is geen terugbetaling van vraggeld nie. | | | | | |

**C. Verkope:**

2 300 eenhede teen R600 elk = R1 380 000

2.3 **INTERNE BEHEER**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Leno Meubileerders. Hulle verkoop tafels, stoele en beddens slegs vir kontant. Die eienaar is bekommerd dat die syfers verskaf, swak interne beheer en besluitneming toon.

Identifiseer EEN probleem vir elke produk. Haal syfers aan. Gee in ELKE geval raad oor hoe om die probleem op te los. (9)

**INLIGTING:**

**Inligting uit die rekords vir die finansiële jaar:**

| | **TAFELS** | **STOELE** | **BEDDENS** |
|---|---|---|---|
| Aanvangsvoorraad (eenhede) | 50 | 209 | 300 |
| Eenhede aangekoop | 670 | 2 390 | 380 |
| Eenhede verkoop | 600 | 2 400 | 480 |
| Eenhede volgens fisiese telling by jaareinde | 90 | 199 | 200 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 500 | R800 | R3 000 |
| Totale verkope (bedrae werklik gedeponeer) | R900 000 | R1 800 000 | R1 440 000 |

**35**

**VRAAG 3: VERVAARDIGING** **(45 punte; 25 minute)**

3.1 **GLAMOUR ROKSKEPPINGS**

Glamour Rokskeppings vervaardig een soort damesrok. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

**GEVRA:**

3.1.1 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (21)

3.1.2 Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (7)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's, onder andere, geneem uit die Algemene Grootboek:**

| | 28 FEBRUARIE 2017 | 1 MAART 2016 |
|---|---|---|
| Goedere-in-bewerking-voorraad | **?** | R76 000 |
| Klaarproduktevoorraad | R190 000 | R110 000 |

**B. Inligting geneem uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2017:**

| | |
|---|---|
| Administrasiekoste | R259 010 |
| Grondstofkoste/Direkte materiaalkoste | 918 550 |
| Fabrieksbokoste | 227 240 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 410 000 |
| Netto lone aan fabriekwerkers betaal (direkte arbeid) | 753 300 |
| SAID: LBS | 48 600 |
| WVF-aftrekkings | 1% |
| Verkope | **?** |
| Koste van verkope | 1 860 000 |

**C.** Die volgende inligting is nie in berekening gebring nie:

- 'n Probleem met betrekking tot die waardasie van die eindvoorraad van grondstowwe is geïdentifiseer: 5 000 meter materiaal voorhande, met 'n eenheidskoste van R2,75 per meter, is foutiewelik as R3,80 per meter geboekstaaf. Dit moet reggestel word.
- Huuruitgawe is uit die bostaande syfers weggelaat. Totale huur wat vir die finansiële jaar betaal is, het R87 100 beloop. Die huur vir Maart 2017 is vooruit betaal. Die huur is op 1 Desember 2016 met R650 verhoog. 80% van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegeken word en die res moet as 'n kantooruitgawe beskou word.
- Die werkgewer dra 1% namens die werknemers tot WVF by.

**D.** Die onderneming gebruik 'n winsopslagpersentasie van 75% op kosprys. Spesiale kortings van R85 000 is gedurende die finansiële jaar aan kontantklante gebied wat op grootmaat aangekoop het.

Kopiereg voorbehou 

## 3.2 LIGHTING SOLUTIONS

George Mkize is die eienaar van Lighting Solutions, 'n vervaardigings-onderneming wat een soort energiebesparende gloeilamp vervaardig. Die finansiële jaar het op 31 Desember 2017 geëindig.

**LET WEL:**

- Produksie word gebaseer op bestellings ontvang; daarom is daar geen saldo's vir goedere-in-bewerking nie.
- Die huidige inflasiekoers is 8%.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die fabrieksbokoste per eenheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. (2)

3.2.2 Verduidelik waarom George nie bekommerd sal wees oor die toename van 28,1% in die totale veranderlike koste van R936 000 na R1 200 000 nie. (3)

3.2.3 Gee TWEE redes vir die toename in die verkoop- en verspreidingskoste per eenheid. (2)

3.2.4 George wil weet of die produksievlak vir hierdie finansiële jaar bevredigend is.

- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. (4)
- Lewer kommentaar op die produksievlak vir 2017. Noem TWEE punte. Haal syfers aan. (4)

3.2.5 Lighting Solutions oorweeg dit om grondstowwe in te voer omdat dit goedkoper en van 'n hoër gehalte is. Noem TWEE aspekte wat hulle moet oorweeg voordat hulle hul besluit finaliseer. (2)

**INLIGTING:**

**Inligting uit die rekords van Lighting Solutions op 31 Desember:**

| | 2017 | | 2016 | |
|---|---|---|---|---|
| | **TOTAAL (R)** | **EENHEIDS-KOSTE (R)** | **TOTAAL (R)** | **EENHEIDS-KOSTE (R)** |
| **Vaste koste:** | **575 000** | **11,50** | **428 400** | **10,20** |
| Fabrieksbokoste | 395 000 | **(3.2.1)** | 310 800 | 7,40 |
| Administrasiekoste | 180 000 | | 117 600 | 2,80 |
| **Veranderlike koste:** | **1 200 000** | **24,00** | **936 600** | **22,30** |
| Direkte materiaalkoste | 435 000 | 8,70 | 344 400 | 8,20 |
| Direkte arbeidskoste | 560 000 | 11,20 | 441 000 | 10,50 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 205 000 | 4,10 | 151 200 | 3,60 |
| | | | | |
| Verkoopprys per eenheid | R45,00 | | R41,50 | |
| Getal eenhede vervaardig en verkoop | 50 000 | | 42 000 | |
| Gelykbreekpunt (eenhede) | **?** | | 22 313 | |

**45**

**VRAAG 4: BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG (65 punte; 40 minute)**

4.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Inkomstestaat<br>4.1.2 Balansstaat<br>4.1.3 Kontantvloeistaat<br>4.1.4 Direkteursverslag<br>4.1.5 Onafhanklike ouditeursverslag | A 'n verduideliking van die bedrywighede van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar<br>B toon of die aandeelhouers op die finansiële state kan staatmaak, of nie<br>C toon die wins/verlies van die maatskappy vir die jaar<br>D toon die uitwerking van die bedryfs-, finansierings- en beleggingsaktiwiteite op die kontantmiddele<br>E toon die netto waarde van die maatskappy |

(5 x 1) (5)

4.2 **ORBIT BPK.**

Verwys na die inligting uit die rekords van Orbit Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2017.

**GEVRA:**

4.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

(a) Gewone aandelekapitaal (8)

(b) Behoue inkomste (11)

4.2.2 Voltooi die Balansstaat op 30 Junie 2017. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE bewerkings tussen hakies. (28)

4.2.3 Die HFB (hoof- finansiële beampte), Barry Wright, het die maatskappy oortuig om gedurende die volgende finansiële jaar 'n verdere 400 000 aandele by 'n nabye familielid terug te koop. Barry besit tans 1 904 400 aandele in hierdie maatskappy, wat 46% van die uitgereikte aandele is.

As 'n aandeelhouer, verduidelik jou bekommernis oor die voorgestelde terugkoop van aandele. Verskaf berekeninge om jou bekommernis te ondersteun. (6)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die boeke op 30 Junie 2017:**

| | |
|---|---|
| Vaste/Tasbare bates (drawaarde) | **?** |
| Vaste deposito: Marokko Bank | 380 000 |
| Gewone aandelekapitaal (1 Julie 2016) | 3 150 000 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2016) | 874 000 |
| Bank (gunstig) | 250 700 |
| Lening: Helping Bank | 302 400 |
| Handelsvoorraad | 478 000 |
| Debiteurekontrole | 317 000 |
| Krediteurekontrole | 239 800 |
| Inkomste vooruit ontvang | 6 600 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings) | 390 000 |
| Dividende op gewone aandele (tussentydse dividende) | 630 000 |

**B. Aandelekapitaal:**

- Die onderneming het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 6 000 000 aandele.
- 70% van die aandele is reeds op 1 Julie 2016 uitgereik.
- 60 000 gewone aandele is op 1 Desember 2016 by 'n ontevrede aandeelhouer teruggekoop. Die maatskappy het R3,50 per aandeel betaal. Dit is op 1 Desember 2016 betaal en geboekstaaf.

**C.** 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is op 30 Junie 2017 verklaar. Slegs aandele in die aandeleregister kwalifiseer vir finale dividende.

**D.** Die volgende aansuiwerings is nog nie in berekening gebring nie:

- Voorsiening vir oninbare skulde is op 5% van die uitstaande debiteure vasgestel.
- Versekering het 'n jaarlikse premie van R31 800 ingesluit, wat vir die tydperk 1 Oktober 2016 tot 30 September 2017 betaal is.

**E.** Die leningstaat van Helping Bank toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Julie 2016 | R480 000 |
| Terugbetalings gedurende finansiële jaar (rente ingesluit) | R177 600 |
| Rente gekapitaliseer | R57 600 |
| Saldo op 30 Junie 2017 | **?** |

R40 000 van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

**F.** Inkomstebelasting vir die jaar het R408 800 beloop. Dit is op 28% van die reggestelde netto wins bereken.

4.3 **OUDITVERSLAG: DF ONDERNEMINGS BPK.**

**GEVRA:**

4.3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.3.1(a)–4.3.1(b)) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) Die ouditverslag word deur die (interne/eksterne) ouditeur voltooi. (1)

(b) Die (direkteure/aandeelhouers/ouditeurs) is vir die voorbereiding van die finansiële state verantwoordelik. (1)

4.3.2 Verwys na die ouditverslag hieronder.

(a) Die ouditverslag hieronder dui 'n (gekwalifiseerde/ ongekwalifiseerde) mening aan. (1)

(b) Verduidelik waarom die aandeelhouers oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN DF ONDERNEMINGS BPK.**

**Basis vir Kwalifisering van Mening**
Brondokumente vir uitgawes ten bedrae van R550 000 kon nie opgespoor word nie.

**Ouditmening**
Na ons mening, behalwe vir die gevolge van die onbevestigde uitgawes beskryf in die paragraaf **Basis vir Kwalifisering van Mening**, is die finansiële state 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 Junie 2017 en die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en op die wyse soos deur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) van Suid-Afrika voorgeskryf.

**65**

## VRAAG 5: VASTE BATES, KONTANTVLOEI EN VERTOLKING

**(70 punte; 45 minute)**

**MAFOKO BPK.**

Die gegewe inligting het betrekking op Mafoko Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

5.1 **Verwys na Inligting A en Inligting B.**

Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(c)** in die Vastebate-nota. (15)

5.2 Bereken die volgende bedrae in die Kontantvloeistaat:

5.2.1 Inkomstebelasting betaal (5)

5.2.2 Dividende betaal (3)

5.2.3 Netto verandering in kontant- en kontantekwivalente (4)

5.3 Voltooi die afdeling Kontantgevolge van Finansieringsaktiwiteite van die Kontantvloeistaat. (10)

5.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2017:

5.4.1 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

5.4.2 Verdienste per aandeel (in sent) (3)

5.4.3 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)

5.5 Verduidelik waarom die direkteure gevoel het dat die 630 sent wat vir die terugkoop van die aandele aangebied is, 'n regverdige prys was. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (4)

5.6 Die direkteure het die dividenduitbetalingsbeleid vir die huidige finansiële jaar hersien.

5.6.1 Bereken die persentasie verdienste wat as dividende vir elke jaar verdeel is om hierdie verandering te toon. (4)

5.6.2 Gee EEN rede waarom die direkteure hierdie besluit geneem het. (2)

5.6.3 Verduidelik waarom die aandeelhouers dalk nie met die opbrengs wat hulle verdien het, tevrede sal wees nie. Haal 'n finansiële aanwyser of syfer(s) aan. (3)

5.7 Die Kontantvloeistaat toon enkele belangrike besluite wat die direkteurs geneem het.

Behalwe vir die dividende, identifiseer DRIE goeie besluite. Verduidelik die effek van elke besluit op die maatskappy. Haal syfers aan. (9)

**INLIGTING:**

**A. Inligting uit die finansiële state op 28 Februarie:**

| | **2017 R** | | **2016 R** | |
|---|---|---|---|---|
| Waardevermindering | **?** | | **?** | |
| Rente-uitgawe | 123 000 | | 126 500 | |
| Netto wins voor inkomstebelasting | 422 500 | | 157 500 | |
| Netto wins na inkomstebelasting | 295 750 | | 113 400 | |
| Vaste bates (drawaarde) | 4 934 450 | | 3 993 390 | |
| **Aandeelhouersbelang** | **4 375 250** | | **3 135 000** | |
| Gewone aandelekapitaal | 4 117 500 | | 3 000 000 | |
| Behoue inkomste | 257 750 | | 135 000 | |
| Niebedryfslaste | 750 000 | | 1 300 000 | |
| Voorrade (slegs Handelsvoorraad) | 288 000 | | 363 000 | |
| Debiteure | 318 000 | | 254 000 | |
| Krediteure | 287 000 | | 367 000 | |
| Kontant- en kontantekwivalente | 2 500 | | 245 000 | |
| Oortrokke bankrekening | 27 500 | | - | |
| SAID: Inkomstebelasting | 5 200 | (Kt.) | 3 390 | (Kt.) |
| Aandeelhouers vir dividende | 98 000 | | 50 000 | |

**B. Vastebatenota:**

Vaste bates bestaan slegs uit Geboue en Toerusting.

| | **GEBOUE** | **TOERUSTING** |
|---|---|---|
| **Drawaarde (01/03/2016)** | 2 866 990 | 1 126 400 |
| Kosprys (01/03/2016) | | 2 200 000 |
| Opgehoopte waardevermindering (01/03/2016) | | (1 073 600) |
| **Bewegings:** | | |
| Toevoegings | **(a)** | 300 000 |
| Verkope | | **(c)** |
| Waardevermindering | | **(b)** |
| **Drawaarde (28/02/2017)** | | 1 058 520 |
| Kosprys (28/02/2017) | | |
| Opgehoopte waardevermindering (28/02/2017) | | |

- Bykomende toerusting is op 1 Junie 2016 aangekoop.
- Uitbreidings van die gebou is op 31 Augustus 2016 voltooi.
- Ou toerusting is op 28 Februarie 2017 teen drawaarde verkoop.
- Toerusting word teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode verminder.

**C. Aandelekapitaal en dividende**

- Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele geregistreer.
- Op 1 Maart 2016 is 500 000 aandele reeds uitgereik. 'n Verdere 200 000 aandele is op hierdie datum uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend van R70 000 is op 31 Augustus 2016 betaal.
- 25 000 gewone aandele is op 28 Februarie 2017 teen R6,30 per aandeel uit die boedel van 'n oorlede aandeelhouer teruggekoop. Die gemiddelde uitreikprys op hierdie stadium was R6,10.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2017 verklaar.

**D. Finansiële aanwysers op 28 Februarie:**

| | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteit-verhouding | **?** | 0,4:1 |
| Verdienste per aandeel | **?** | 23 sent |
| Dividend per aandeel | 24 sent | 20 sent |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | **?** | 3,6% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 11,4% | 6,4% |
| Netto batewaarde per aandeel | 648 sent | 627 sent |
| Markprys van aandele (die JSE) | 640 sent | 630 sent |
| Rentekoers op lenings | 12% | 11% |
| Rente op vaste deposito's | 9% | 8% |

**70**

**VRAAG 6: GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (45 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mabuso Outo-herstelwerk vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 30 April 2018. Die onderneming word deur Vusi Mabuso besit.

- Alle transaksies is streng kontant.
- Die finansiële jaar eindig op 30 April elke jaar.
- Die onderneming herstel voertuie waarvoor hulle diensfooie hef.
- Indien die herstelwerk nuwe onderdele vereis, word dit afsonderlik op elke klant se rekening gesit.
- Verbruiksgoedere word vir die herstel van voertuie gebruik. Hierdie items is gratis.

**GEVRA:**

6.1 Bereken die:

6.1.1 Winsopslagpersentasie op onderdele gebruik in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Maart 2018 (3)

6.1.2 % afname in die diensfooi-inkomste wat in April 2018 verwag word (3)

6.1.3 Bykomende ruimte (in vierkante meter) wat die onderneming vanaf April 2018 sal huur (4)

6.1.4 Rentekoers op die vaste deposito (5)

6.2 Lewer kommentaar op die beheer van voorraad en verduidelik hoe Vusi beoog om dit reg te stel. Haal syfers aan. (4)

6.3 Vusi oorweeg veranderinge aan die vaste bates wat deur die onderneming besit word.

6.3.1 Vusi dink daaraan om die sakeperseel te koop eerder as om dit te huur. Noem EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie opsie. (4)

6.3.2 Vusi bied 'n gratis afleweringsdiens van onderdele aan klante, maar beplan om hierdie diens op 31 Maart 2018 te staak.

Noem TWEE punte om hierdie besluit te staaf. (4)

6.3.3 Bereken die koste van die nuwe voertuig wat hy beplan om op 1 April 2018 aan te koop. (4)

6.4 **Verwys na Inligting E.**

Jy word voorsien van die geprojekteerde en werklike syfers vir Februarie 2018. Haal syfers in jou verduideliking in ELKE geval hieronder aan.

6.4.1 Verduidelik of Water en elektrisiteit goed beheer is, of nie. (3)

6.4.2 Verduidelik of jy met Vusi se besluit saamstem om nie die volle begroting vir Advertensies te gebruik nie. (3)

6.4.3 Verduidelik of Verbruiksgoedere goed beheer is, of nie. (4)

6.4.4 Verduidelik hoe Vusi se besluit oor die winsopslagpersentasie op onderdele die onderneming beïnvloed het. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 30 April 2018:**

| | MAART 2018<br>R | APRIL 2018<br>R |
|---|---|---|
| Diensfooi-inkomste van klante | 150 000 | 136 500 |
| Wins op verkope van onderdele | 22 875 | 31 500 |
| Verkope | 53 375 | 76 500 |
| Koste van verkope | (30 500) | (45 000) |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| Wins op verkoop van afleweringsvoertuig | 8 000 | 0 |
| Bruto bedryfsinkomste | | |
| Bedryfsuitgawes | | |
| Huuruitgawe (sien B hieronder) | 6 000 | 9 200 |
| Water en elektrisiteit | 5 200 | 5 200 |
| Motorvoertuiguitgawes | 7 500 | 1 500 |
| Veiligheidsuitgawes | 5 000 | 9 200 |
| Advertensies | 4 700 | 4 700 |
| Verbruiksgoedere (gebruik vir hersteldiens) | 30 000 | 30 000 |
| Herstel en instandhouding van toerusting | 15 000 | 0 |
| Waardevermindering op voertuie (sien D hieronder) | 3 000 | 9 000 |
| Waardevermindering op toerusting | 1 500 | 1 500 |
| Handelsvoorraadtekort | 14 000 | 2 000 |
| Bedryfswins | | |
| Rente op vaste deposito (sien C hieronder) | 5 700 | 2 700 |
| Netto wins | | |

**B.** Huuruitgawe word op 'n vaste bedrag per vierkante meter bereken. Die onderneming sal 75 vierkante meter in Maart 2018 huur. Bykomende vloerruimte sal op 1 April 2018, as gevolg van uitbreiding, teen dieselfde tarief gehuur word.

**C.** 'n Vaste deposito van R450 000 sal op 31 Maart 2018 verval.

**D. Voertuie:**

| ITEM | KOSPRYS | OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING: 31/03/2018 | WAARDE-VERMINDERINGS-KOERS EN -METODE |
|---|---|---|---|
| Afleweringsvoertuig | R240 000 | R108 000 | 15% p.j. op kosprys |
| Audi Q7 | **?** | 0 | |

Die afleweringsvoertuig sal op 31 Maart 2018 verkoop word. Die Audi Q7-voertuig sal op 1 April 2018 aangekoop en deur die eienaar gebruik word.

Kopiereg voorbehou 

**E. Syfers vir Februarie 2018 verskaf:**

| | **GEPROJEKTEER** | **WERKLIK** |
|---|---|---|
| Water en elektrisiteit (*sien nota hieronder) | R 4 500 | R 5 000 |
| Advertensies | 4 700 | 1 800 |
| Diensfooi-inkomste | 150 000 | 127 500 |
| Verbruiksgoedere | 30 000 | 36 450 |
| Verkoop van onderdele | 128 700 | 97 200 |
| Koste van verkope | 78 000 | 54 000 |
| Wins op verkoop van onderdele | 50 700 | 43 200 |
| Winsopslagpersentasie (op kosprys) | 65% | 80% |

***LET WEL:** Die water-en-elektrisiteitstarief het vanaf 1 Februarie 2018 onverwags met 15% gestyg.

**45**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE

# GRAAD 12

# FEBRUARIE/MAART 2018

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| 5 | | | |
| 6 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

### 1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE

**1.1.1** **Verduidelik waarom die debiteure-ouderdomsanalise as 'n doeltreffende interne beheermaatreël beskou word. Noem EEN punt.**

**2**

**1.1.2** **Verduidelik TWEE verskillende probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van 'n debiteur en syfer(s).**

| PROBLEEM | DEBITEUR EN SYFER(S) |
|---|---|
| | |
| | |

**6**

### 1.2 DEBITEUREVERSOENING

**1.2.1 REGSTELLINGS AAN DIE DEBITEUREKONTROLEREKENING OP 30 NOVEMBER 2017**

| | |
|---|---|
| **Saldo voor foute en weglatings** | **25 700** |
| **(i)** | |
| **(ii)** | |
| **(iii)** | |
| **(iv)** | |
| **(v)** | |
| **Korrekte Debiteurekontrole-saldo** | |

**7**

**1.2.2 DEBITEURELYS OP 30 NOVEMBER 2017**

| | | |
|---|---|---|
| **L Nkosi** | **(5 700** | |
| **S Muller** | **(11 100** | |
| **M Welthagen** | **( –1 900** | |
| **B Sandleni** | **(15 900** | |
| **Korrekte totaal van Debiteurelys** | | |

**10**

**1.3.1** **Bereken die BTW-bedrag wat op 31 Julie 2017 óf ontvangbaar van is óf aan SAID betaalbaar is.**

**11**

**1.3.2** **Nomvula het goedere met 'n merkprys van R35 000 by Beta Verskaffers bestel.**

**Die verkoopsdirekteur van Beta Verskaffers, Jim Frow, het aangebied om hierdie goedere vir R15 000 aan Nomvula te verkoop, op voorwaarde dat hulle nie 'n faktuur hoef uit te reik nie.**

**Lewer kommentaar op die aanbod wat Jim gemaak het. Noem TWEE punte.**

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | |
| **2.1.2** | |
| **2.1.3** | |

**3**

**2.2.1** **Bereken die waarde van die slotvoorraad op 31 Desember 2017 volgens die EIEU-metode.**

**6**

**2.2.2** **Bereken die koste van verkope.**

**Bereken die bruto wins.**

**8**

**2.2.3** **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Desember 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.**

**6**

**Wat sal die effek op die bruto wins wees indien die eienaar na hierdie waardasiemetode verander? Verskaf syfers.**

**3**

**2.3** **Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Leno Meubileerders. Hulle verkoop tafels, stoele en beddens slegs vir kontant. Die eienaar is bekommerd dat die syfers verskaf, swak interne beheer en besluitneming toon.**

**Identifiseer EEN probleem vir elke produk. Haal syfers aan. Gee in ELKE geval raad oor hoe om die probleem op te los.**

| Produk | Probleem (met syfers) | Raad |
|---|---|---|
| **Tafels** | | |
| **Stoele** | | |
| **Beddens** | | |

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

**VRAAG 3**

**3.1 GLAMOUR ROKSKEPPINGS**

**3.1.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| **Primêre koste** | |
| | |
| **Totale vervaardigingskoste** | |
| **Goedere-in-bewerking (1 Maart 2016)** | **76 000** |
| | |
| | |
| **Produksiekoste van klaarprodukte** | |

**21**

**3.1.2** **Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017.**

**7**

**3.2 LIGHTING SOLUTIONS**

**3.2.1** **Bereken die fabrieksbokoste per eenheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.**

**2**

**3.2.2** **Verduidelik waarom George nie bekommerd sal wees oor die toename van 28,1% in die totale veranderlike koste van R936 000 na R1 200 000 nie.**

**3**

**3.2.3** **Gee TWEE redes vir die toename in die verkoop- en verspreidingskoste per eenheid.**

| |
|---|
| |
| 2 |

**3.2.4** **Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.**

| |
|---|
| |
| 4 |

**Lewer kommentaar op die produksievlak vir 2017. Noem TWEE punte. Haal syfers aan.**

| |
|---|
| |
| 4 |

**3.2.5** **Lighting Solutions oorweeg dit om grondstowwe in te voer omdat dit goedkoper en van 'n hoër gehalte is. Noem TWEE aspekte wat hulle moet oorweeg voordat hulle hul besluit finaliseer.**

| |
|---|
| |
| 2 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 45 |

## VRAAG 4

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |
| **4.1.4** | |
| **4.1.5** | |

**5**

**4.2** **ORBIT BPK.**

**4.2.1**
**(a)** **GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | | |
|---|---|---|
| **Gemagtig** | | |
| **6 000 000 aandele** | | |
| **Uitgereik** | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**8**

**(b)** **BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| **Saldo op 1 Julie 2016** | **874 000** |
| | |
| | |
| **Gewone aandele-dividende** | |
| | |
| | |
| **Saldo op 30 Junie 2017** | |

**11**

**4.2.2 ORBIT BPK.**
**BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2017**

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIEBEDRYFSBATES** | |
| **Vaste/Tasbare Bates** | |
| **Vaste deposito** | **380 000** |
| **BEDRYFSBATES** | |
| **Voorraad** | **478 000** |
| | |
| | |
| **TOTALE BATES** | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** | |
| **Gewone aandelekapitaal** | |
| **Behoue inkomste** | |
| **NIEBEDRYFSLASTE** | |
| **Lening: Helping Bank** | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| **Handels- en ander betaalbare bedrae** | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

**28**

4.2.3 **As 'n aandeelhouer, verduidelik jou bekommernis oor die voorgestelde terugkoop van aandele. Verskaf berekeninge om jou bekommernis te ondersteun.**

**6**

## 4.3 OUDITVERSLAG: DF ONDERNEMINGS BPK.

4.3.1

| | |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |

**2**

4.3.2 **(a) Die ouditverslag hieronder dui 'n (gekwalifiseerde/ ongekwalifiseerde) mening aan.**

**1**

**(b) Verduidelik waarom die aandeelhouers oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Noem TWEE punte.**

**4**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 65 |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

**5.1**

| NR. | BEWERKINGS | BEDRAG |
|---|---|---|
| (a) | Toevoeging tot geboue | |
| (b) | Totale waardevermindering op toerusting | |
| (c) | Verkope van toerusting teen drawaarde | |

15

**5.2.1**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| Bereken die inkomstebelasting betaal. | |

5

**5.2.2**

| | |
|---|---|
| Bereken die dividende betaal. | |

3

**5.2.3**

| | |
|---|---|
| Bereken die netto verandering in kontant- en kontantekwivalente. | |

4

**5.3**

| KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

10

| | | |
|---|---|---|
| **5.4.1** | **Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding.** | **3** |
| **5.4.2** | **Bereken die verdienste per aandeel (in sent).** | **3** |
| **5.4.3** | **Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB).** | **5** |

| | | |
|---|---|---|
